Verweefde visie bring verte nader

Lien Botha
Barnard-galery, Nuweland
***

Dis 'n ou-ou tema: die kunstenaar se heimwee na die "elders".

Maar waar dit in die romantiese tradisie een van idealisme - die soeke na die "verlore paradys" - is, draai die vernuftige en slim fotograaf Lien Botha haar gedagtes en kamera na die werklikheid, die "waarheid", van die "daar oorkant" in ons wye land en woeste landskap.

Haar titel vir hierdie essay, *Yonder*, met sy mooi Engelse resonansie, dui wel op die romantiese assosiasie, en laai elkeen van die uiteenlopende tablo's wat sy vasvang met 'n soort hunkering van afstand, maar lees tog as 'n digte persoonlike en poëtiese narratief waarop die kyker net-net 'n houvas kry.

Maar dis ou laai van Botha, wat nooit dinge vir die onverwagte toeskouer eenvoudig maak nie.

Op die minste dwing sy die kyker tot herevaluering van die uitsig van haar kamera. Of dit die ongenaakbare landskap is wat neig om verwilderd of verwaarloos voor te kom.

Of dit paradoksale situasies is waarin die natuurlike binne kunsmatige ruimtes (soos 'n museum) vasgekeer is. Of dit bloot verwys na die mens se (hopelose en selfsugtige) ingrype op die omgewing.

In die meeste word die kyker geleidelik bewus van hoe haar fyn komposisies, kleur en skaal die estetiese uit hierdie prente syg. Sonder om die detail van die deurlopende storie te verstaan, trek elke toneel die kyker na sy eie vertellende verbeelding.



"Round-Up", 'n werk uit Lien Botha se fototentoonstelling Yonder.

Met prente se geo-koördinate op die glas voor die raam gegraveer, is hierdie "reisverhaal" in die werklikheid van (meesal Suid-Afrikaanse) aardrykskunde geanker.

Hierdie konsep aktiveer ook daardie teenstrydigheid van verkenning van die elders: wat jy verwag om te sien en wat jy wel teëkom.

Soos 'n meester soos David Goldblatt keer op keer gewys het, is daar byna om elke hoek en draai in ons uitgestrekte land, platteland en stad, 'n oomblik van fotografiese sensitiwiteit waarin alles, en soveel meer, in 'n klik vasgevang kan word.

In daardie moment kom alles in en op die spel: komedie, tragedie, en die ingewikkelde paradoksale.

Die ryk verweefdheid van Botha se visie is vervullende kykstof.

Melvyn Minnaar

Tot 15 Mei. Botha en verskeie ander kunstenaars neem deel aan die tentoonstelling What Lies Beneath, *in die Equus-galery op die wyn- en perdlandgoed naby Somerset-Wes. Vir navrae skakel 021 855 3218.*